higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAART (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

8 MAART 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf in blou of swart ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCED

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN is NIE 'n probleem wat deur MIV en vigs in die gasvryheidsbedryf veroorsaak word nie?

A Swak gesondheid
B Lae moraal van personeellede
C Lae afwesigheid
D Gebrek aan opvoeding oor MIV

1.2 Voorkom gly ongelukke deur ...

A opleiding van personeel met betrekking tot gaste en hul waardevolle items.
B opleiding van die persoon wat toerusting aanmekaar sit.
C lekkende toerusting te herstel.
D beheer oor mense wat die werkplek binnekom en verlaat toe te pas.

1.3 Vuur en ontploffings kan gebeur as gevolg van:

A Korrekte aanmekaar sit van skoonmaak toerusting.
B Swak of geen onderhoud van gas toestelle.
C Linne wat nie korrek gestapel is volgens grootte nie.
D Veilige nat skoonmaakmetodes en droë vloere rondom blootgestelde kragproppe.

1.4 Wie sou nie betrokke wees by 'n prestasie-resensie vir restaurant personeel nie?

A Kos- En Drankbestuurder
B Sjefs
C Higiëne En Veiligheidsbeampte
D Ontvangsdame

1.5 Dit is nodig vir elke organisasie om 'n veiligheidsplan te hê om ...

A seker te maak wie om te kontak in geval van kansellasie.
B in staat te wees om die bomgroep te kontak.
C te verseker dat gaste en werknemers veilig is.
D te verseker dat die begroting alle oorhoofse kostes dek.

Kopiereg voorbehou

1.6 Watter EEN is NIE 'n uitdaging wanneer voedsel vervoer word nie?

A Ruimteprobleem en bergingstyd op lang reise.
B Verkoelingstelsel in die vragmotor versuim om te werk tydens vervoer.
C Protes op die roete na die kliënt.
D 'n Voldoende grootte stoorkamer in die ontvangsarea.

1.7 Hierdie metode kan gebruik word om te bepaal waar opleiding benodig word wanneer 'n mens vir 'n posisie aansoek doen:

A SWOT analise.
B Persoonlike toets.
C Persoonlike Ontwikkelings Plan.
D SMART toets.

1.8 'n Proses waarvolgens 'n persoon sy haar werk/taak organiseer volgens die vlak van belangrikheid.

A Beplanning.
B Delegasie
C Prioritisering
D Projekteer

1.9 Loopbaan aspirasies verwys na:

A Begeerte of ambisie in 'n gekose beroep.
B Begeerte of ambisie in 'n sport of stokperdjie.
C Begeerte of ambisie in 'n sosiale kring / groep.
D Begeerte of ambisie in 'n politieke party.

1.10 Lewensvatbaarheid verwys na:

A Oorweging van iets om sy waarde te oordeel
B Of iets gedoen kan word of nie en of dit die moeite werd is om te doen
C Oorweeg iets om sy graad van belangrikheid te oordeel
D Dink aan regulatoriese vereistes soos 'n handelslisensie

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Aanvanklike behandeling van 'n persoon in 'n toestand van skok	A	chemiese
2.2	Dien ys toe en lig die beseerde deel op	B	brandstof
2.3	Bytsoda, tuinsprei en verfverwydering kan brandwonde veroorsaak	C	instandhoudingsvorm
2.4	Die vel kan verkool lyk en blase vorm	D	hou warm deur in 'n kombers toe te vou
2.5	Voltooi 'n ... wanneer jy in openbare areas werk om na enige gevare te kyk	E	resussitasie
2.6	Om iemand van bewusteloosheid of skynbare dood te laat herleef	F	geslote breuk
2.7	Materiaal soos hout, papier, lap word normaalweg genoem	G	ongevalle
2.8	Gebrek aan yster in dieet	H	selfverbetering
2.9	Help voedseldienspersoneel om veranderlikes op te spoor wat die winsgewendheid van 'n spyskaart beïnvloed	I	derde graad brand
2.10	'n Gebeurtenis wat in die toekoms mag voorkom en waarvoor voorberei moet word	J	noodplan
		K	menu-ingenieurswese
		L	anemie
		M	kos koste

(10 × 1) **[10]**

.

VRAAG 3

Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Om resep opbrengs te verhoog en te verlaag.

3.2 'n Persoon wat geen bron van diereprodukte eet nie.

3.3 Die doel van brand- en veiligheidsinspeksies is om te verseker dat die maatskappy beskerm word in die geval van 'n ....

3.4 'n Mens sal voortdurend ‘n mens se ... moet opgradeer om bemarkbaar in die werkplek te bly.

3.5 'n Brandblusser moet ... ondersoek word.

3.6 By die opstel van 'n sakeplan moet laaste .... voltooi word.

3.7 Deur na ... van 'n webwerf te kyk, kan die inligting wat deur hierdie webwerf verskaf word as akkuraat bewys word.

3.8 ... van 'n maatskappy, is 'n voorbeeld van 'n afleiding in 'n ontwikkelingsplan wat moontlik beheer moet word.

3.9 Die opstel van 'n ontwikkelingsplan is 'n besluit om verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n persoon se eie ...

3.10 'n Persoon word op dieselfde vlak na ander werksgeleenthede verskuif om sy/haar kennis en ervaring te verbreed.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Teken die tabel/resep hier onder weer en bereken die totale koste van die resep.

KAASKROISSANTE (Bedien 4)

BESTANDEEL	KWANTITEIT	PRYS PER EENHEID	BEREKENING	TOTAAL
				ROND AF Tot 2de desimaal
Eenvoudige meel	140 g	R28 vir 2,5 kg	(1)	(1)
Sout	1 g	R20 per 1 kg	(1)	(1)
Botter	112 g	R34 vir 500 g	(1)	(1)
Eiers	1 eier	R13 vir 6	(1)	(1)
Kaas	49 g	R60 per 1 kg	(1)	(1)
TOTALE KOSTE:				(1)

(11)

4.2 Bereken die koste per porsie. (Rond af tot die 2de desimaal) (1)

4.3 Bereken die verkoopprys indien die vereiste bruto wins 45% is. Toon ALLE berekeninge. (3)

4.4 Beskryf die prosedure wat 'n sjef moet volg wanneer die kombuispersoneel oor hierdie resep ingelig word. (5) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

NCV

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem EEN kenmerk, EEN tipe voedsel wat toegelaat word en EEN tipe voedsel wat nie vir die volgende godsdienste toegelaat word nie:

Tabuleer jou antwoord soos volg.

GODSDIENS	KENMERK	VOEDSEL TOEGELAAT	VOEDSEL NIE TOEGELAAT
Judaïsme	5.1.1 (1)	5.1.2 (1)	5.1.3 (1)
Hindoeïsme	5.1.4 (1)	5.1.5 (1)	5.1.6 (1)
Islam	5.1.7 (1)	5.1.8 (1)	5.1.9 (1)

(9 × 1) (9)

5.2 Jack is die dieetkundige by 'n Netcare-hospitaal in Kuilsrivier. Watter VYF hoofdiëte sal hy moet oorweeg wanneer hy met die voeding van pasiënte in die hospitaal te doen het? (5)

5.3 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n spyskaart wat in die hospitaal bedien word:

AANDETE SPYSKAART

VOORGEREG
Hoender room sop

HOOF
Beef Stroganoff bedien met geroosterde Mediterreense Groente en Cous Cous

NAGEREG
Sjokolade Mousse bedien met Aarbeie

Tee of Koffie

Watter VIER faktore dink jy het Jack in ag geneem toe hy hierdie spyskaart beplan het? (4)

5.4 Herskryf die spyskaart, maar verander slegs sekere geregte, sodat ALLE soorte vegetariërs hierdie spyskaart kan gebruik. (4)

5.5 Gee jou mening oor hoe die spyskaart aan pasiënte voorgestel moet word. (5)

5.6 Verduidelik hoe die volgende die keuse van geregte kan beïnvloed wanneer 'n spyskaart vir hierdie organisasie beplan word.

5.6.1 Hulpbronne beskikbaar (2)

5.6.2 Kombuispersoneelvaardighede (2)

Kopiereg voorbehou

5.7 Hoe moet die verhouding tussen kooktyd en temperatuur verander as die bestanddeelverhouding toeneem? (4)

[35]

VRAAG 6

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Lucky het pas matriek geslaag en een van sy vakke was Verbruikerstudies. Hy het in die skool gesukkel en sy familie kan nie bekostig om vir verdere studies te betaal nie. Lucky speel sokker en geniet dit om in 'n span te speel. Sy onderwyser vir verbruikersstudies het hom vertel van 'n leerlingskap vir assistent-sjefs wat deur die Departement van Arbeid geborg word en waarvoor Lucky aansoek kan doen. Lucky het gehoor dat sjefs altyd werk kan kry, maar hy het beperkte kennis oor wat sjefs doen, aangesien hy nie veel blootstelling aan verskillende kookkuns of kook gehad het nie.

6.1 Stel 'n SWOT-analise vir Lucky op om te bepaal of hy 'n geskikte kandidaat vir die leerlingskap sal wees. (10)

6.2 Help Lucky om die volgende werksverwante aktiwiteite wat in die leerlingskap aangebied word, te verstaan deur die volgende te beskryf:

6.2.1 *On-the-job coaching*

6.2.2 *Understudy training*

6.2.3 Spesiale werkstuk

(3 × 2) (6)

6.3 Stel voor waarom die volgende vaardighede en bevoegdhede vir Lucky belangrik sal wees as hy suksesvol wil wees in die leerlingskap.

6.3.1 Relevante professionele / vaardigheidskennis

6.3.2 Kreatiwiteit

(2 × 2) (4)

6.4 Hoekom moet 'n prestasie-evaluering op Lucky tydens die leerderskap gedoen word? (5)

6.5 Die leerlingskap neem die meeste van Lucky se tyd op; hoe kan hy sy tyd meer doeltreffend bestuur sodat hy kan voortgaan om sokker te speel? (2)

6.6 Ontwerp 'n ontwikkelingsplan om Lucky by te staan met sy kulinêre vaardighede. Gebruik die volgende formaat.

VAARDIGHEID	VERWAGTE UITKOMS	OPLEIDING	METODE VAN AFLEWERING	TYDRAAM	WERKSGELEENTHEID	BYSTANDSPE

6.7 Lucky se ouers het geskei en sy ma en hy het 50 km weg getrek van waar hy die leerlingskap doen.

Maak aanbevelings oor hoe Lucky die veranderinge in sy lewe moet hanteer om hom in staat te stel om die leerlingskap te voltooi. (6)

Kopiereg voorbehou

6.8 Wat kan Lucky doen om sy kanse om 'n permanente posisie te kry sodra hy die leerlingskap voltooi het, te verbeter? (4)

[45]

VRAAG 7

Thobeka is die nuwe gesondheids- en veiligheidsbeampte by Hotel Mosaic in Durban. Sy is verantwoordelik vir die evaluering en verbetering van die bestaande ontruimingsplanne en -prosedures asook die opleiding van alle personeel vir noodsituasies.

7.1 Wat moet Thobeka in ag neem by die opstel van 'n ontruimingsplan? (5)

7.2 Bom dreigemente kom al meer voor en die bestaande ontruimingsplan is oud en verouderd.

Stel 'n ontruimingsplan op wat tydens 'n bom dreigement gebruik kan word. (9)

7.3 Dit is 'n bestaande ontruimingsplan vir 'n brand in Thobeka se maatskappy:

- Bel die brandweer.
- Stel bestuur in kennis van die die brand.
- Klink die alarm.
- Help gaste uit die gebou.
- Sluit jou persoonlike besittings toe.
- Maak al die vensters oop.
- Laat alle elektriese toerusting soos hulle is en loop dadelik.

7.3.1 Is hierdie plan toepaslik? (1)

7.3.2 Gee redes vir jou antwoord. (3)

7.4 Wat moet Thobeka in gedagte hou wanneer sy 'n ontruimingsplan aan die personeel kommunikeer? (2)

7.5 Noem TWEE formate wat Thobeka kan gebruik om die inligting in VRAAG 7.2 te kommunikeer. (2)

7.6 Teken die volgende tabel en voltooi met spesialiste wat Thobeka inligting oor gesondheids- en veiligheidskwessies kan verskaf.

AFKORTING	**NAAM en HOOF PLIG**
SFA	7.6.1 (2)
NOSA	7.6.2 (2)
SACA	7.6.3 (2)
SETA	7.6.4 (2)

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 8

Om 'n besigheid te begin, kan riskant wees. Die jonger entrepreneurs het sekere voordele bo ouer generasie bloot omdat hulle minder tuisgebaseerde verpligtinge, baie energie, kreatiewe nuwe idees en die vermoë het om aan te pas by nuwe uitdagings van selfstandige werk.

8.1 Onderskei tussen selfstandige indiensname en indiensname, TABULEER jou antwoord. (4 × 2) (8)

8.2 Wat is die risiko om selfstandig te wees? (4)

8.3 Hoekom is dit belangrik om akkurate inligtingsbronne te gebruik wanneer werkgeleenthede geassesseer word? (4)

8.4 Beskryf die hoofkenmerke van die volgende maatskappymodelle:

8.4.1 Alleeneienaar

8.4.2 Privaat maatskappy

8.4.3 Beslote korporasie

(4 × 3) (12)

8.5 Wanneer 'n jong entrepreneur befondsing van 'n finansiële verskaffer aanskaf, benodig hulle dikwels 'n maatskappy se sakeplan om die aansoek om befondsing te vergesel.

Skryf aanbevelings oor hoe om die volgende afdelings vir 'n sakeplan op te stel / te skryf:

8.5.1 Die uitvoerende opsomming van 'n sakeplan. (4)

8.5.2 Die algemene maatskappy beskrywing. (5)

8.6 Stel DRIE tipes teikenmarkte voor wat moontlik sal belangstel om 'n verskeidenheid gebottelde gepreserveerde vrugte te koop of te versprei. (3)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou